Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, November 20, 2022

Page: 16

Nico van Gijsen



Raad met jou rande



# Maak só met vruggebruik

## Skenk eerder aan trust en hou belasting laag

Hoe gemaak met 'n vruggebruik wanneer dit nie werklik meer nodig is nie en eintlik net almal ongelukkig maak?

Die vraag kom van 'n leser na aanleiding van my rubriek verlede week, "Loop lig vir vruggebruik".

Ek kry nogal heelwat navrae hieroor. Die meeste hiervan gaan oor 'n vruggebruik oor eiendom ten gunste van 'n oorlewende gade (vrou). Ná 'n paar jaar kom sy en die ander erfgename (kinders) voor die werklikheid te staan en besef hulle dit was dalk nie so 'n goeie plan van oorlede pa nie.

Wat nou? Kan iets gedoen word? Indien wel, wat?

Voor ons na 'n moontlike oplossing kyk, kom ons kyk eers na wat is 'n vruggebruik.

**Vruggebruik as beperkte reg**

'n Vruggebruik is wat ons noem 'n beperkte reg. Daar is ander vorme van beperkte regte ook, maar ons hou vandag by 'n vruggebruik.

Dit is beperk in die sin dat die vruggebruiker die volle voordeel van die bate wat onderhewig is aan die vruggebruik het, maar nie die bate self besit nie.

Die besit daarvan behoort aan iemand anders. Die storie van die boom en sy vrugte. Die een besit die boom, die ander het die alleenreg op al die vrugte.

Dit, eenvoudig gestel, is hoe die reg van vruggebruike werk.

Maar daar is 'n finansiële kant ook. En waar geld ter sprake is, is daar belastings wat in ag geneem moet word.

Wanneer 'n vruggebruik geskep word, word die markwaarde van die bate, byvoorbeeld die plaas of die woonhuis waaroor die vruggebruik geskep word, in twee gedeel. En nie gelykop nie. Ons praat van die eiendomswaarde en die vruggebruikwaarde.

'n Vruggebruik se waarde word bereken oor die lewensverwagting van die vruggebruiker (die een wat die vruggebruik kry) as dit 'n lewenslange vruggebruik is (wat ons gewoonlik in testamente sien), of vir 'n tydperk, as dit net vir 'n spesifieke tyd gegun word.

Hoe jonger die persoon is wat die vruggebruik kry, hoe groter die waarde van die vruggebruik. En hoe kleiner is die waarde van die bloot eiendom.

'n Vruggebruik wat oorgaan op 'n trust word altyd bereken oor 'n termyn van 50 jaar (daar is die sogenaamde eenjaarwonder wat 'n tussen-in vruggebruik daarstel, maar vir ons bespreking vandag los ek dit maar).

En dit is die rede waarom daar in baie testamente 'n vruggebruik ten gunste van 'n langslewende gade geskep word. Enige bemaking aan 'n gade is aftrekbaar vir boedelbelasting.

Ongelukkig is dit waar baie mense se kennis van boedelbeplanning begin en eindig.

Dit kan probleme skep vir erfgename. Die waarde van 'n vruggebruik aan 'n gade is aftrekbaar vir boedelbelasting in die boedel van die oorledene.

Maar vir sy erfgenaam kan hy later 'n erge kapitaalwinsbelasting probleem skep. As die erfgenaam die plaas later verkoop, is die basiskoste soveel laer, danksy die vroeëre aftrekking van die vruggebruikswaarde. En die belastinglas dienooreenkomstig hoër.

**Tameletjie met verkoop van eiendom**

Terug by ons vraag.

Hier het ons 'n dogter wat 'n vruggebruik oor 'n plaas van haar oorlede pa geërf het. Die eiendom het na 'n trust vererf.

Die dogter het intussen ma geword met volwasse kinders en die kinders is nie lus vir boer nie.

Hulle is trustees van die trust en wil die plaas verkoop. Ma het nog die vruggebruik, hoewel sy bereid is om daarvan afstand te doen. Hoe gemaak met ma se vruggebruik?

Die plaas kan tog nie verkoop word terwyl daar 'n vruggebruik oor is nie. Wie koop nou 'n plaas as iemand anders die volle voordeel van die boerdery (die vrugte van die boom) het en dit selfs kan uitverhuur?

Sy kan die vruggebruik aan die trust verkoop. Maar dan word die waarde van die vruggebruik bereken oor 50 jaar. En daar kan kapitaalwinsbelasting-(KWB-)gevolge vir haar wees.

My voorstel sou wees om die vruggebruik aan die trust te skenk en dan liewer die geskenkbelasting te betaal.

En hier is my rede.

**Skenking van vruggebruik**

Die waarde van 'n vruggebruik, soos genoem, word bereken oor die lewensverwagting van die persoon na wie die vruggebruik oorgaan (50 jaar vir 'n trust). Maar as sy dit skenk, werk dinge net mooi andersom. Dan word die waarde van die vruggebruik bereken oor die lewensverwagting van die skenker (die vruggebruiker self in die geval).

Synde 'n ouer persoon, sal die waarde uiteraard laer wees en die geskenkbelasting betaalbaar deur die skenker minder.

Terloops, dié tegniek kan gebruik word in gevalle waar die vruggebruiker al bejaard is en die vruggebruik byvoorbeeld oorgaan na 'n trust by daardie persoon se sterfte. Deur dit voor dood te skenk (as die persoon dit kan bekostig) kan daar op dié manier 'n groot besparing bewerkstellig word met boedelbelasting.

Omdat daar 'n verbintenis is tussen die vruggebruiker en die trust (in ons bespreking) sal KWB ter sprake kom. Maar in dié geval word die waarde vir KWB ook bereken oor die lewensverwagting van die vruggebruiker. Die skenkingsbelasting betaalbaar is aftrekbaar vir KWB-doeleindes.

Omdat dit 'n plaas is waaroor die vruggebruik geskep is, word die markwaarde vir die belastingberekeninge met 30% verminder.

Ek probeer hier 'n oplossing vir 'n probleem voorstel. Die beste sou wees om betyds behoorlike boedelbeplanning te doen om sulke situasies te vermy.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.